Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 2, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

graad in Geskiedenis onder promotor D.J. van Zyl van die US in 1987 was, bevat benutbare kaarte, 'n verklaring rondom die afkortingslys, 'n goed ingedeelde inhoudsopgawe, 'n nuttige Voorwoord, 'n oorwoë Slotsom (pp. 265-274), 'n *Abstract* en dan 'n hoogs volledige verskeidenheidsvolle Bronnelys, plus die altyd nuttige Register. Tegnies dus, sluit die publikasie alles in wat nodig is. Ook die titel is kort en op die man af - die vlag dek inderdaad die lading!

Die nege hoofstukke met hulle subindelings val logies uiteen. Die aanloop van 1855-1872 is inleidend noodsaaklik. Die veel feite is nie ontmoedigend nie, want die tema móét op die voet af, van dag tot dag, van plek tot plek en van militêre eenheid tot militêre eenheid gevolg word. Mooi speur- en ontledingswerk is sodoende gelewer.

Wat opval, is die eindelose baie verwysings en toeligtings in voetnote. Argiefmateriaal is in oorvloed benut, maar met 'n verskeidenheid ander leesmateriaal aangevul. Die taal/styl is heel leesbaar en aangenaam; iets wat altyd belangrik is, maar veral in 'n byna verslag-tema soos hierdie onderwerp. Maar nogtans is die gebeure ook vertolk, deur die onderliggende regeringswoelinge en daardeur die militêre onsekerheid deel van die algemene geheel maak. Immers, 'n hoë politieke prys is deur bv Molteno en deur Sprigg betaal omdat hulle verdedigingskemas misluk het.

'n Pragtige komponent is die inligting rakende die onderlinge verhouding tussen swart stamme, swart leiers en etniese eenhede wat wedersyds geraak word ook deur eie oorlog, eie grond en eie mag binne 'n raamwerk van die Brits-Kaapse politiek. Ons vergeet te maklik dat grondgebied juis ook tussen swartes onderling 'n strydpunt was en gebly het.

Uit 'n militêre hoek bekyk, en, alle fasette van oorlog geniet die aandag van skrywer Kotze, is die publikasie van groot belang. Dit gaan om sommer baie aspekte van militêre verdediging, veldtogte en gevegte, veiligheid, militêre hervormings, herontplooiings, aanpassings, oorlog versus geldsteun, rebellie-opstande, belegpogings, logistieke stelsels, voorsorg- en opvolg operasies, eenhede wat omgeskep en saamgevoeg word asook die uitwerking van Kaapse bewindsveranderinge. Nee, dwarsdeur die uitgawe geniet hierdie kwessies aandag - iets wat die boek sekerlik 'n soort voorgeskrewe werk vir bepaalde militêre eenhede behoort te maak. 'n Korps van bloot polisiëring en beveiliging het algaande 'n militêre staande mag geword!

Suid-Afrika se uiteenlopende klimaat, landskappe en volkere het aan hom 'n militêre vernuftigheid help besorg wat hy dalk in 'n mindere mate oor sou beskik het as die patroon meer enkelvoudig was. Hierdie waarheid word afgerond in Kotze se boek weergegee sonder dat hy dit as onderafdeling berekend toelig. Swart taktieke en Boer-Brit oorlogkombinasies het bepaald 'n later gemeenskaplike, breër militêre uitgangspunt moontlik gemaak. Die Voorwoord plus hoofstuk 1 en 9 verwys geslaagd daarna.

Die publikasie is goed geproeflees. Terloops, op p. 134 lees 'n mens van "aanmars". Dit klink na "march on", maar kan seker ook met aanstap, aanloop verbind word. Verder, dit is jammer dat die geskrif nie 'n enkele foto bevat nie. Uniforms, wapens, leiers of 'n terrein sou sodoende beter bekend kon raak.

Gelukkig is 'n volledige lys werke, wat in die Argiefjaarboek reeks opgeneem is, tussen pp. 293-301 ingesluit, want daardie inligting kan nie wyd genoeg bekend gestel word nie.

*Prof Marius Swart, Departement Geskiedenis, Universiteit van Port Elizabeth.*

## NAMIBIA'S LIBERATION STRUGGLE; THE TWO-EDGED SWORD

***C. Leys and J.S. Saul***

James Curry, London : 1995
212 bladsye
ISBN 0 85255 374-9

Die boek is die eindproduk van 'n navorsingsprojek wat in die loop van 1989, die jaar van Namibië se onafhanklikheidswording, gestalte gekry het. Die navorsingsprojek het gepoog om die herinneringe aan 'n 23-jarige bevrydingstryd wetenskaplik na te vors en vir die nageslag in geskrewe vorm te bewaar. Daar is gevolglik hoofsaaklik op die wording en aktiwiteite van die South West Africa People's Organization (SWAPO), plaaslik en in ballingskap, gekonsentreer. Die medewerkers beklee op een na almal akademiese poste. Benewens een historikus, Philip Steenkamp, is die politieke en sosiale wetenskappe, sterk verteenwoordig. Susan Brown, 'n voormalige joernalis, is tans 'n ontwikkelingskonsultant in Namibië en die enigste nie-doserende medewerker.

Die title, *Namibia's liberation struggle*, suggereer dat hierdie boek net nog 'n werk is oor die stryd om Namibië van koloniale oorheersing en die juk van apartheid te bevry. Die subtitel, *The two edged sword*, sê egter meer. Die twee-snydende swaard verwys ook na 'n stryd binne SWAPO - 'n stryd om die beweging van foute van die verlede en belemmerende faktore te bevry. In watter mate die beweging in sy eerste regeringsjare daarin geslaag het al dan nie, word inderdaad in hierdie boek aange-

spreek. Hierdie boek is egter nie bloot nog 'n publikasie oor die Namibiese bevrydingstryd nie, maar plaas die afgehandelde bevrydingstryd en die periode daarna binne die geskiedenis van sosiale, ekonomiese, politieke en staatkundige bevryding. Dié boek verdien inderdaad 'n waardige plek in die literatuur oor SWAPO.

*Namibia's liberation struggle* beslaan tien hoofstukke wat oor drie afdelings versprei is. Die inleidende hoofstuk staan los van die drie afdelings en behandel kortliks die geskiedenis van Namibië en dié land se stryd om hom van koloniale oorheersing en apartheid te bevry. Die Namibiese bevolking word hierin onderskei deurdat die res van die wêreld nie daadwerklik by die stryd betrokke wou raak nie (p.1).

Dit was deels om hierdie bevrydingstryd wat vanuit eie geledere ontstaan en gevoer is, te gedenk, wat die navorsingsprojek van stapel gestuur is. Waar SWAPO in enkele ander publikasies as die sondebok uitgebeeld word, wou die skrywers met hierdie publikasie die vryheidsbeweging se beeld in ere herstel. Die ware beeld van SWAPO, insluitende die beweging se swakhede en interne konflik, geniet ruimskoots aandag. Hierdie beeld het 'n nalatenskap, wat SWAPO in staat gestel het om as 'n politieke party die eerste regerende party in 'n bevryde en onafhanklike Namibië te word, daargestel. Die navorsingsprojek het hierdie nalatenskap geneem en die haalbaarheid daarvan aan SWAPO as politieke party tydens die eerste twintig maande van SWAPO se regering getoets. Dit is gedoen met die oog om te kyk of daar lesse uit te leer is, nie net vir Namibië nie, maar vir die res van suidelike Afrika (p.2). Hierdie boek is die eindresultaat van die navorsingspan se bevindinge waarmee die skrywers probeer voorkom dat die bevrydingstryd in die geskiedenis van Namibië in die vergetelheid raak.

Die eerste afdeling (hoofstukke 2-5) beeld SWAPO as militêre, politieke en diplomatieke hoofrolspeler, intern en in ballingskap, histories uit. Swakpunte in SWAPO se mondering word voortdurend binne die historiese konteks van die Namibiese onafhanklikheidstryd blootgelê. Benewens die gewapende stryd tussen SWAPO en die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte wat histories juis aangedui word, word ook SWAPO se interne konflik gehanteer. Die Raad van Kerke in Namibië se bydrae tot die bevrydingstryd en spesifiek SWAPO se bevryding van Namibië word indringend geëvalueer. Hierdie afdeling lewer inderdaad 'n bydrae tot die geskiedskrywing oor SWAPO omdat daar krities en analities na SWAPO as bevrydingsbeweging gekyk word.

Die tweede afdeling (hoofstukke 6-8) ondersoek die invloed wat die bevrydingstryd op die gemeenskap en die regering na onafhanklikheidswording het. Studente se rol tydens die stryd en daarna, polisiëring voor, tydens en na onafhanklikheidswording en konflik tussen klasse met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling word onderskeidelik deur Shipo Maseko, Colin Leys en Chris Tapscott ondersoek. Die gemeenskap se betrokkenheid op verskeie vlakke by die verandering, wat met die onafhanklikheidswording gepaard gegaan het, word kortliks beskryf. Die onderwerpe van die tweede afdeling is aspekte wat dikwels in geskiedskrywing deur die rol van die hoofakteurs verswelg word. Die bespreking oor die geskiedenis van Namibië se polisiëring wat 'n nalatenskap van die Suid-Afrikaanse polisie-tradisie is, verdien vermelding.

Die laaste afdeling (hoofstukke 9 en 10) gee 'n oorsig van SWAPO se regering oor die eerste twintig maande van Namibiese onafhanklikheid en bevraagteken enkele historiese kwessies wat deel van die stryd was, maar nie as sodanig gestalte gekry het nie. SWAPO as 'n neo-kolonialistiese regering word ondersoek. Moontlike verklarings waarom SWAPO van 'n outoritêre party na 'n demokratiese regering oorgegaan het en waarom aandrang vir groter gemeenskapsdeelname aan partybeleid nog nie tegemoet gekom is nie, word gegee. Toename in werkloosheid, ekonomiese stagnasie en verslegtende marktoestande is enkele tendense wat genoem word. Ekonomiese en sosiale strukture bly grotendeels volgens die ou rasgebaseerde strukture behoue terwyl armoede onder 'n groot deel van die bevolking toeneem. Ten spyte daarvan het SWAPO se gewildheid toegeneem. Dit word aan die leierskap en die uitsonderlike bystand, geldelik en ook in die vorm van opleiding in regeringsadministrasie, wat SWAPO as regerende party in ballingskap ontvang het, toegeskryf. Kundiges van Namibiese administrasie en bestuur uit die mandaat-era het hul poste behou en sodoende die SWAPO-regering versterk. Nog 'n nalatenskap uit SWAPO se ballingjare, kritici in eie geledere, is in die regering en partyorganisasie geakkommodeer. Ook etniese diversiteit in SWAPO se regering is nie buite rekening gelaat nie. Desnieteenstaande hou die oorwig Ovambo's wat SWAPO ondersteun, gevaar in dat SWAPO in 'n etniese party kan ontaard. Aspekte, soos die ontvoogding van vakbonde en studenteorganisasies van SWAPO en gebrek aan begrip vir demokrasie en ontwikkeling onder uitvoerende lede van die party, hou 'n wesenlike gevaar vir SWAPO en uiteindelik die grondwet van Namibië in.

Die gevolgtrekking van die samestellers, Saul en Leys, is dat SWAPO se geskiedenis nie aan die partyleiers die vaardighede nagelaat het om 'n alternatiewe strategie te formuleer ten einde werklike menslike nood aan te spreek nie. Namibië kon nog nie daarin slaag om die sombere nalatenskap van sy hoofkwartiere in Angloa, Mboromba en Lubango, van hom af te skud nie.

'n Interessante aspek van hierdie boek lê in sy waarde as 'n voorbeeld van kontemporêre geskiedskrywing. Ten spyte van die verskillende agtergronde van die medewerkers, slaag die samestellers daarin om tot 'n sinvolle sintese te kom. Daar word onteenseglik aangedui dat SWAPO reeds in ballingskap 'n regeringsgestalte aangeneem het, maar dat dit nie 'n nalatenskap of alternatief vir die instellings wat deur die Suid-Afrikaanse regering geskep en nagelaat is, bied nie. Foute soos dit blyk uit die geskiedenis van SWAPO en wat destyds nie aangespreek is nie, het weliswaar 'n rol te speel in die party se benadering tot politieke eenheid hoewel dit nie sal kan voorkom dat sodanige probleme weer opduik nie.

Die hantering van bronne dien vermelding. Benewens literatuur uit 'n wye spektrum, vanaf radikale tot uiters konserwatief, van publikasies wat geraadpleeg is, is daar ook mondelige onderhoude gevoer. Hierdie respondente word in die eindnote van elke hoofstuk vermeld. Die algemene verwysingstelsel van die boek getuig van wetenskaplikheid en sluit aan by die analitiese trant van die navorsingswerk as geheel.

Die skrywers het inderdaad in hulle doelwit met die samestelling van dié publikasie geslaag. 'n Ware beeld van SWAPO is aan die leser gegee. Hierdie boek lewer myns insiens 'n belangrike bydrae tot die boeke wat reeds oor SWAPO verskyn het. Die hoofwaarde lê in die deeglike navorsingswerk en die kritiese en analitiese benadering van die samestellers wat al die verskillende subtemas suksesvol tot 'n geheel kon voeg.

*A.H.J. van Rooyen, Direktoraat Dokumentasiediens, Privaatsak X289, Pretoria 0001.*

## MILITARY NURSING IN SOUTH AFRICA, 1914-1994

***D.O. Stratford and H.M. Collins***

Softnet, Johannesburg : 1994
194 pages
illustrated
ISBN 0-9583950-1-2
no price




*Military Nursing in South Africa* is a pleasing paperback with a very modest yet striking cover. Its publication marks the 80th anniversary of military nursing in South Africa and is the product of the labours of two retired colonels who had seen years of service with the South African Medical Corps.

The work was started in the sixties by Colonel Dennis Stratford and during the years prior to his retirement, he produced a manuscript covering the period from just prior to the Anglo-Boer War to about the 1920s. However, following his retirement to Durban, Colonel Stratford no longer had easy access to the military archives in Pretoria and the work stopped there.

Then in 1990, the Surgeon General, realizing the potential of the Stratford manuscript to fill an hiatus in our military history, commissioned Colonel Hazel Collins to bring it up to date and prepare it for publication. This was no easy task. Very few military nurses kept diaries or any other record of their experiences during the two world wars and the 23-year Southern African war (1966-1989). As a result, a large part of this record had to be obtained from life-history interviews and by means of correspondence.

Further complications resulted from Colonel Stratford's research methodology: his manuscript was not source-referenced. The verifying of his facts became an impossible task and instead of accepting the Stratford manuscript at face-value or commencing an entirely new work; the unfortunate decision was taken to delete that information from the final text which could not be substantiated by Colonel Collins. In view hereof, it is surprising that *Military Nursing*, itself, contains no source references. This is a most important hiatus, which is not remedied by the very concise and meagre bibliography.

*Military Nursing* traces the selfless service of hundreds of South African military nurses from the time of the Anglo-Zulu wars of the last century, through to the most recent "Bush" War. The book is a very readable account of the thousands of nurses, who